Latest update: 26/07/20 01:00

Charity 1067406

KORONAVIRUS

Reference: www.doctorsoftheworld.org.uk/coronavirus-information/

COVID-19 INFOGRAPHICS

Wat is die koronavirus (Covid-19)?

Covid-19 is 'n nuwe siekte wat 'n mens se longe en lugweë kan aantas.

Dit word veroorsaak deur 'n virus genaamd die koronavirus.

Simptome

Hoë liggaams-temperatuur/koors (>38°C)

'n nuwe, aanhoudende hoes

Verlies van of 'n verandering in u gewone reuksin of smaaksin (d.w.s. as u niks kan ruik of proe nie, of as dinge anders ruik of proe as gewoonlik)

Wat moet u doen as u simptome het?

DAN MOET U DIE VOLGENDE DINGE SO GOU AS MOONTLIK DOEN:

1. SONDER U AF

Bly vir ten minste **10 DAE** by die huis

Enigiemand anders in u huishouding of mense met wie u nabye kontak gehad het, moet ook vir **10 DAE** hulself afsonder.

2. Laat 'n toets doen vir koronavirus binne die eerste vyf dae nadat u simptome begin het.

U kan óf versoek dat die toets afgelewer word op die plek waar u woon

Óf u kan 'n toetssentrum besoek

Laat 'n toets doen vir koronavirus

Om 'n afspraak vir 'n toets te maak, of om dit aanlyn te bestel, besoek www.nhs.uk/ask-for-a-coronavirus-test

Indien u nie internettoegang het nie, bel 119 (of 0800 028 2816 in Skotland).

Indien die toetsuitslag...

POSITIEF IS:

- U moet die res van u 10-dag-afsondering voltooi
- Die naspeurdiens in u omgewing sal u kontak om te versoek dat u help keer dat die virus verder versprei.

NEGATIEF IS:

- Indien u goed voel en indien u geen simptome meer het nie, mag u ophou om u af te sonder.
- Ander lede van u huishouding of mense met wie u onlangs nabye kontak gehad het, hoef hulle ook nie meer af te sonder nie.